Gebed by Psalm 123

Soewereine God op u troon in die hemel,
kyk na ons met u genadige oë
soos ons na U kyk in nederigheid en liefde,
en vul ons siele met u vrede
deur Jesus Christus ons Here.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England

---

Gebed by Psalm 57

Tere God,
sagte beskermer in tyd van nood,
deurbreek die duisternis van wanhoop
en gee aan ons, met al u mense,
die lied van vryheid en die jubeling van lof;
in Jesus Christus ons Here.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England

---

Gebed by Psalm 54

O lewende God,
dring tog deur die geweld van die trotsaards
en die wanhoop van die swakkes,
om in Jesus Christus 'n volk te skep

wat vry is om u heilige Naam te prys,
nou en vir altyd.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England

---

'n Gebed van William van Ockham

Ons loof U, Here, Brood van die Lewe, wat ons voed.
Ons loof U, Here, Lig van die Wêreld, wat ons donkerte verdryf.
Ons loof U, Here, Deur van die Skape, wat ons toegang bied tot u Koninkryk.
Ons loof U, Here, Goeie Herder, wat u lewe aflê vir u skape.
Ons loof U, Here, Opstanding en Lewe, wat verseker dat die graf ons nie sal verswelg nie.
Ons loof U, Here, Ware Wingerdstok, omdat ons u lote is en in U mag bly soos U in ons.
Ons loof U, Here, Weg, Waarheid en Lewe, omdat ons deur U na die Vader mag kom.
Ons loof U, Here, Blink Môrester, wat die ewige dag aankondig.
Ons loof U, Here, Alfa en Omega, Begin en Einde, omdat U die laaste woord sal spreek.
Amen.

Gebed om op God te wag

Hemelse Vader,
ons pleit in nederigheid voor U:
laat niemand wat op U wag beskaamd staan nie,
nee, nie 'n enkele een nie.

Party is moeg, en die wagtyd lyk lank.
Ander is kleinmoedig en weet skaars hoe om te wag.
Nog ander is so vasgevang in die moeite van hulle gebede en hulle werk
dat hulle dink hulle het nie tyd om voortdurend op U te wag nie.
Vader, leer ons almal hoe om te wag.
Leer ons om aan mekaar te dink en vir mekaar te bid.
Leer ons om te dink aan U, die God van almal wat op U wag.
Vader, laat niemand wat op U wag beskaamd staan nie.
In Jesus se Naam.
Amen.

Andrew Murray, "Waiting on God"

Gebed om naby God te wees

Almagtige God
U het ons vir Uself gemaak,
en ons harte bly rusteloos totdat dit rus vind in U:
stort u liefde in ons harte uit en trek ons na U toe,
en bring ons so uiteindelik by u hemelse stad
waar ons U van aangesig tot aangesig sal sien;
deur Jesus Christus u Seun ons Here,
wat leef en met U regeer
in die eenheid van die Heilige Gees,
een God, nou en vir ewig.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England